DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

**25 April 2021**

**Predikant: Ds. S.P. Venter**
**Pastorie: 015 296 1840**
**Sel: 082 809 0222**
**Epos: sarel.pventer@gmail.com**

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Matteus 13: 24-30, 36-43 en NGB Art 29 |
| **Tema** | Die ware en die valse lewe langs mekaar |
| **Sang** | Psalm 149: 1, 2<br>Skrifberyming 12-3: 1, 2<br>Psalm 115: 1, 2<br>Psalm 34: 1, 2<br>Skrifberyming 15-7: 4, 6 |

Dit is nie moeilik om die beeld te verstaan wat hier in ons gelykenis gebruik word nie. 'n Boer saai goeie saad in sy land. Sy werkers kom sê van al die onkruid wat tussen die koring opkom. In 'n goeie reën jaar weet ons hoe geil onkruid kan groei. 'n Boer wat nie sy lande skoon hou nie, loop gevaar om sy oes te verloor. Dit is juis wat weer moeilik is om te verstaan in die gelykenis dat die boer vir sy werksmense opdrag gee om die onkruid saam met die koring te laat groei. Ons sal nie dink dis 'n goeie boer wat onkruid saam met sy koring of ander gesaaides laat groei nie. Tog doen die boer van ons gelykenis dit. En hy doen dit juis ter wille van sy oes. Hoe moet ons dit verstaan?

Christus gee self die verklaring van hierdie gelykenis. Die boer is die Seun van die mens (Christus), en die saailand is die wêreld. Die goeie saad is die kinders van die koninkryk, en die onkruid is die kinders van die bose. Die vyand is die duiwel. Die oes is die voleinding van die wêreld en diè wat oes, is die engele. En waaroor gaan dit dan in die gelykenis? Dit trek alles saam in die woorde van ons teks: Laat altwee saam groei tot die oes toe. Dit is saaityd en groeityd in die wêreld. Gelowiges en ongelowiges leef en doen saam. Ons werk saam, beoefen saam sport, behoort saam aan dieselfde vakbond, sit saam in die regering en ander organisasies. In die wêreld word nie net die saad van die evangelie gesaai nie. Die duiwel is net so hard besig om te saai. Hy saai die saad van leuens, valse godsdiens en onsedelikheid en haat. Ons sien dit ook in die kerk, die afvalliges tussen en saam met die ware gelowiges, die dwaalleer (dat alle godsdienste gelyk is, dat die Bybel nie die Woord van God is nie, dat die mens deur sy eie vrye wil kan besluit om gered te word, dat Christus vir alle mense gesterf het, ens.) wat net so hard verkondig word soos die ware evangelie. So dikwels is die woord van onwaarheid so subtiel dat jy dit byna nie van die waarheid kan onderskei nie.

Ons sien dit in ons eie lewe, die saad van wellus en eiegeregtigheid en geldgierigheid en selfsug wat die vrug van die Gees (liefde, geduld, getrouheid, vriendelikheid, selfbeheersing) wil verstik. As ek die goeie wil doen, dan is die kwaad reeds met my besig.

Ons opdrag is om teen die sonde te stry en om te getuig. Ek moet my elke dag bekeer van my bose werke. En tog leer die gelykenis ons ook die waarheid dat goed en kwaad, gelowige en ongelowige, saam groei op dieselfde akker. Die Here het ook daarmee 'n doel. In die stryd louter en versterk Hy ons geloof. Die saad van die waarheid kan sy onoorwinlike krag net openbaar as dit stry teen die saad van die leuen en uiteindelik oorwin. God doen dit ter wille van die oes. Dit is net vir ‘n sekere tyd. Gelowiges en ongelowiges is saam oppad na die oes toe. Die goeie en die slegte saad is besig om ryp te word. En dàn is die verskil baie duidelik. Dan kan die oes ingesamel word, die onkruid om verbrand te word en die koring in die hemelse skuur. Ons sien dit ook baie duidelik, hoe die oes ryp word. Daar is op baie plekke in die wêreld 'n oplewing in die godsdiens en verootmoediging en bekering. Hopelik is daar by elkeen van ons groei en verdieping in ons geloof. Aan die ander kant is daar net so 'n toename in misdaad en godslastering en onsedelikheid en gesinsverbrokkeling.

Sal goddeloosheid en boosheid ons nie oorweldig nie? Ons gelykenis sê nee. Ons hoor hier die waarheid van 2 Tim. 2 : 19: Die Here ken dit wat syne is. Hy bewaar ons vir die voleinding. Daar kom 'n oestyd. Die poorte van die hel sal die kerk nie oorweldig nie. Die Here bewaar ons en laat ons groei deur sy Woord en sy sakramente. Daarvoor ontvang ons elke Sondag sy Woord en bedien ons sakramente om ons geloof te versterk, ons te laat groei sodat ons nie deur die onkruid in ons eie hart en in die kerk en die wêreld verstik en dood gedruk word nie. Ons moet hierdie genademiddele gebruik. Ons weet dat daar in baie huise nie meer huisgodsdiens gehou word nie, terwyl die slegte saad van die sosiale media welig groei. Ons wil vir die Here die minimum gee om myself te verontskuldig. Dink mooi oor die hoeveelheid tyd wat jy aan jou geloofsontwikkeling aandag gee en al die ander sake wat prioriteit in ons lewe is. Waar moes die Here nie al van sy kinders gaan haal nie. Hoeveel lidmate lyk meer na wildekoring, onkruid as na die ware koring.

In die gelykenis van die Saaier en ook op ander plekke in die Bybel is die saad die Woord. Maar hier is die saad mense. Dink daaraan: Hoe meer die Woord in ons gestalte kry, hoe meer ons een word met Christus, die Woord wat vlees geword het, sy liggaam eet en sy bloed drink, hoe meer word ons self die goeie saad wat uitgroei tot die volle oes. Hoe meer lyk ons soos Christus en groei ons in Hom en na Hom toe, totdat Hy ons kom haal. Amen.

# OOG VIR MEKAAR



- * Ons dank die Here dat Hy vir Annette Kruger deur haar knievervanging gelei het en ons bid haar 'n spoedige herstel toe.
- * Ons is dankbaar dat die wond op tannie Ans vd Walt se kop ook besig is om te genees. Sterkte met die seer plekke.
- * Ons vra voorbidding vir Kon Grobler wat met kanker gediagnoseer is. Die kanker het versprei en veroorsaak pyn. Ons dink ook aan Lacya wat hom moet bystaan.
- * Ons bid vir Zoë Erasmus wat weer chemo ontvang. Dit maak haar soms baie siek. Mag ons Vader jou staande hou deur die tyd.
- * Ons vra voorbidding vir Rika Schutte wat Donderdag met chemo begin het. Die behandeling sal tot in September duur. Mag die Here jou versterk om in die geloof die pad saam met Hom te stap. Seënwense vir jou en almal saam met jou in die huis.
- * Martie Marx het feitlik alle sig in haar regteroog verloor en kry geweldige hoofpyne as gevolg van die toestand. Ons vra dat ons vir haar sal bid om die moeilike tyd te verwerk.
- * Ons bid vir almal wat worstel met moeilike sake wat op die hart druk. Ons dink aan almal wat siek is en met hulle gesondheid sukkel, maar ook aan diegene wat finansieël noustrop trek. Mag die Here wat alles tot ons beswil beskik, ons met die Heilige Gees troos en versterk.

# HEMELVAART DIENS

Die kerkraad het besluit dat ons 'n erediens op ***Hemevaart Dag*** 13 Mei 2021 om 18:00. Onthou om asb vroegtydig plekke te bespreek vir hierdie dienste.



**GEDAGTE VIR DIE WEEK**

Toe sê Jesus: "Vader, vergeef hulle,

want hulle weet nie wat hulle doen nie!"

*Lukas 23:34*

# DIAKONIE



Die diakonie loods weer 'n fondsinsamelings projek ten bate van gemeente lede wat agv die pandemie swaar trek te help. Dit is 'n rialiteit dat die Covid - 19 pandemie 'n groot impak gemaak het op almal se lewens, meer in sommige gevalle en minder in ander.

Om die rede loods die diakonie weer 'n projek en sal hulle die lekkerste bobotie met geel rys en soet patats verkoop teen slegs R 50.00 per maaltyd.

Bestellings kan tot en met Woensdag 28 April 2021 geplaas word by Theuns op 064 549 7520 en dan opgetel word vanaf 17:00 op Vrydag 30 April 2021 by die kerkgebou.

***KOM EN ONDERSTEUN ONS MET DIE PROJEK !!!!!!!!!***

**LAASTE KANS OM LEKKER BOBOTIE, GEEL RYS EN SOET PATATS TE KOOP!!!!!!!!!!!!!!!!!**

*************

Die diakonie vra dan ook vir lidmate wat kan help met ***skenkings van maalvleis, rys en patats om asb 'n skenking te maak*** om die diakonie so te help om van die huidige projek ook 'n sukses te maak.



# KALENDER





| ***Verjaarsdae*** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend /Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So 25 Apr | Kerneels Bronkhorst | 41 | B | 081 770 0491 |
| Ma 26 Apr | Stephan Van Der Walt<br>Leon Venter | 69<br>59 | B<br>B | 082 937 9085<br>083 292 3250 |
| Di 27 Apr | ***Bets Geldenhuys *****<br>Hannelie Krüger | ***81***<br>61 | B<br>B | 084 496 1845<br>082 856 8509 |
| Wo 28 Apr | ***Sarie Kotze ****<br>Piet Borman<br>Melanie Weidemann<br>Bénita Barkhuizen | ***78***<br>69<br>33<br>26 | B<br>B<br>B<br>B | 083 455 8651<br>082 681 5114<br>083 419 2911<br>071 609 1633 |
| Vr 30 Apr | Annemie De Klerk | 56 | B | 082 806 3190 |
| Sa 1 Mei | ***Lenie Bothma *****<br>***Johan Van Biljon ****<br>***Annette Krüger **** | ***85***<br>***75***<br>***71*** | B<br>B<br>B | 084 396 1093<br>082 388 2117<br>079 265 6034 |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 26 April 2014 | Jaco en Betsie De Witt | 7 | 084 513 8300<br>084 209 4220 |

# DATUMS OM TE ONTHOU


| **DATUM** | **TYD** | **WAAR** | **WAT** |
|---|---|---|---|
| 28 April 2021 | 18:30 | Kerk | Bybelstudie |
| 29 April 2021 | 09:30 | Alta Theron | Bybelstudie |


GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
2021
R 200 000.00
R 180 000.00
R 160 000.00
R 140 000.00
R 120 000.00
R 100 000.00
R 80 000.00
R 60 000.00
R 40 000.00
R 20 000.00
R -
JAN
R 90 101.00
R 185 229.13
FEB
R 89 376.00
R 111 985.41
MRT
R 138 076.00
R 165 010.45
DANKOFFERS
LOPENDE UITGAWES


DIAKONIE INKOMSTE & UITGAWES 2021
R -
R 10 000.00
R 20 000.00
R 30 000.00
R 40 000.00
R 50 000.00
R 60 000.00
JAN
FEB
MRT
R 9 420.00
R 25 297.05
R 36 533.50
R 50 317.40
R 41 630.70
R 22 141.76
INKOMSTE
UITGAWES


BASAAR
Saterdag oggend
31 Julie 2021
Vanaf 08:00
BOERE ONTBYT
Vleis
Pannekoek & koffie
Kerrie & rys
Witolifant
Gereformeerde Kerk
Pietersburg
h/v Mcdonald- &
Erasmusstraat
Navrae Daleen 0794902678 / Johan 0825561956

# GEMEENTEKAMP



***Chalet Grootte***

**1 x DB Bed en 1 Enkel bed R 2 000.00 (4)**
**4 x Enkel Bed R 2 500.00 (1)**
**1 x DB Bed en 3 Enkel bed R 2 500.00 (1)**
**4 x Enkel Bed R 2 500.00 (1)**
**1 x DB Bed R 1 500.00 (1)**
**2 x Enkel Bed R 1 500.00 (1)**
**1 x DB Bed R 1 500.00**
**5 x Enkel Bed R 2 500.00 (3)**
**11 x Bunk Bed (Eie beddegoed) R 300.00 p/p (5)**
**10 x Bunk Bed (Eie beddegoed) R 300.00 p/p (2)**

***Karavaan en Kamp plekke***

**R 900.00 vir 4 persone /**
**ekstra persone 'n 2 de staanplek of**
**R 300.00 p/p**

**Vanaf 24 tot 26 Sept by Jabuwoni**

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Laat altwee saam groei tot met die oes. In die oestyd sal ek vir die wat oes, sê: Maak eers die onkruid bymekaar en bind dit in bondels om dit te verbrand, maar bring die koring na my skuur toe.”*

*Matteus 13: 30*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS